ROODEKRUIN

…toeka tot nou…

Waar kom ons vandaan?

Na aanmoediging van die Nasionale Uitvoerende Bestuur om Streke wat te groot word, te laat afstig en hulself te verdeel word hierdie voortreflike “baba” gebore….. ‘n bestuurspan word uitgekies en saamgestel om daadwerklik lede werwing vir SAWA te doen waartydens Streek Wesrand op 17 Februarie 1996 te Emfuleni in Vanderbijlpark byeenkom om die onderverdeling van Streek Wesrand te bespreek. Fanie Marx van SAWA Dagbestuur word afgevaardig om alles onder oe te hou en seker te maak alles verloop volgens die voorskrifte

Die proses….

Terwyl die reen gietend op die afdak stort is die GROOT besluit deur die afgevaardigdes gedoen om voortegaan met die afstigting van Streek Wesrand

Die stigterslede betrokke wat genomineer en gekies is tydens die “geboorte”

Die Stigter lede

Van links na regs
Neels Neethling; Hennie de Villiers; Joey van Rensburg, Johan Kotze
Ronny du Plessis

Die Naam

Op verskeie daarop volgende vergaderings en dink skrums word die naam

“ROODEKRUIN”

aanvaar vir hierdie nuwe SAWA Streek wat hoofsaaklik binne die munisipale gebied van Roodepoort lokeer en treffend is met die omgewing.

Die Embleem

Tydens die beplannings strategie en vergaderings gehou, is n eenparige besluit geneem om n wit swaan – soos tentye op die Floridameer teenwoordig was – as die embleem van die nuut gestigte Streek **ROODEKRUIN** te gebruik.

Die Nuusbrief

Alle voorstelle was ten tafel gele waarby Renee de Villiers se keuse, om die nuwe nuusbrief, met name “Kampgeselsies” te gebruik en Johan Kotze word die afgevaardigde, met die ontwerp van die nuwe nuusbrief.

Dit word n werklikheid…

Tydens die naweek 24 en 25 Mei 1997 word Streek Roodekruin n werklikheid met die eerste saamtrek van 47 aktiewe lede te Parys.
Streek Wesrand as organiseerders moes bontstaan met die reelings vir die dinee wat deur hulle aangebied was.
Die nuwe **ROODEKRUIN** bestuurslede was op prettige wyse voorgestel met die koppeling van elk aan n bekende liedjie

Voorsitter	Joey van Rensburg	“sexy eyes”
Onder Voorsitter	Ronny du Plessis	“chariots of fire”
Sekretaris	Ben Lowe	“dapper muis”
Godsdiens verteenwoordiger	Hennie de Villiers	“amazing grace”
Penningmeester	Neels Neethling	“doen met n miljoen”
Jeugorganiseerder	Chris van Staden	“ amabokke bokke”
Plaatjie koordineerder	Willy Swanepoel	“ek is besig”
Nuusbrief redakteur	Johan Kotze	“haasdas se nuuskas”

Die eerste ROODEKRUIN bestuurspan

Van links na regs
Neels Neethling; Hennie de Villiers; Joey van Rensburg; Johan Kotze; Ronny du Plessis; Willy Swanepoel; Ben Lowe

Die bekwaamde bestuurspan het Streek **ROODEKRUIN** van kardinale kennis voorsien tot met die eerste Algemene Jaar Vergadering waartydens die nuut verkose afvaardiging gekies was

Die eerste Roodekruin bestuurspan na die AJV

Van links na regs
Paul de Plessis; Ben Lowe; Joey van Rensburg; Hennie de Villiers;
Elsie Lowe; Willy Swanepoel; Riaan Coetzee; Daan Nortje

Die geboorte van n "nuwe SAWA baba"

Hier word n babastootwaentjie kompleet met n doek en fopspeen aan
Joey van Rensburg (Voorsitter) oorhandig
– SAWA se jongste "kleinkind"

Ledetal

Tydens die stigting van die Streek was die bestaande ledetal hoofsaaklik Senior volwassenes met slegs 3 - 4 kindertjies wat die jongspan verteenwoordig het. Fanie Jordaan het tot die nuut gestigte Streek se redding gekom toe hy sy eie drie getroude dogters en gesinne as lede werf…toe begin die dinge gebeur in die Streek…die jonger lede se vriende het aangesluit en die vriende se vriende en so het die ledetal en kinder gesiggies se getalle begin groei.

Huidiglik bestaan Streek **ROODEKRUIN** uit ‘n goed gebalanseerde getal van lede in alle ouderdoms groepe. Daar is wel slegs n handjie vol senior burgers oor wat steeds aktief aan die kamp geleenthede deel neem.

Die EERSTE offisiele kamp naweek

MANYANI 1996/07/21-23

Die Voorsitter posisies

1. Joey van Rensburg
2. Paul du Plessis
3. Fanie Jordaan
4. Arthur Stevens
5. Willem van Staden
6. Roux Pretorius
7. Michael Olivier

(dit is met groot eerbied en respek dat Joey en Fanie vir lank onthou sal word vir die baanbrekers werk wat beide gedoen het met die tot standkoming en groei van Streek **ROODEKRUIN**)

Spesiale toekennings

Tydens die 2002 en 2003 Nasionale Kongres is Streek **ROODEKRUIN** aangewys as Streek met beste saamtrekbywoning.
Tydens 2012 word Streek **ROODEKRUIN** aangewys as Streek met die beste persentasie groei.
Streek **ROODEKRUIN** het ook bekendheid verwerf met die verskaffing van die hamburgers tydens die jaarlikse Presidente saamtrek

- **hulle smaak so lekker want hulle IS so lekker**

Ons padkaart vorentoe….

‘n Gesonde groepering van individue wat as n SPAN bymekaar gevoeg is tot uitbouing van n puik Kampeer organisasie – Die Suid Afrikaanse Woonwa Assosiasie (SAWA) met die belangrike doel

Om in alles die hand van ons **SKEPPER** te sien en **HOM** alleen daarvoor te huldig en eer.

Erkennings

Gepubliseerde inligting en navorsing te danke aan Oom Hennie de Villiers